BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Briewe aan die Kerk: DEEL 7 – DIE GEMEENTE VAN FILADELFIA

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Bespreek onder mekaar die vraag: "Hoeveel van julle het al Openbaring deur gelees? " Bespreek ook hoekom sommige dit nog nie gedoen het nie.**

**Lees Openbaring 3:7-13 deur saam as groep en bespreek wat vir jou uit gestaan het.**

**Lees Openbaring 3:7-13 weer deur as groep en bespreek wat het jy nie verstaan nie.**

**Die Gemeente van Filadelfia word gekenmerk vir 3 kenmerke:**

1. Hulle het in Afhanklikheid van God geleef

**Bestudeer Openbaring 3:7-8 asook Matteus 5:3 en bespreek hoe jy hierdie beginsel in jou verhouding met Jesus daagliks probeer uitleef.**

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

## 2. Hulle het gestaan op die woord van God

**Bestudeer Openbaring 3:10-11 en bespreek op watter manier jy op die Woord van God staan in jou huidige omstandighede. Bestudeer ook Romeine 5:3-5, Hebreërs 11:1 en 2 Timoteus 3:16-17**

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

## 3. Hulle het met Volharding geleef

**Volharding in Gemeente van Filadelfia het beteken dat hulle met verwagting bly uitgesien het dat Jesus weer terug kom. Bestudeer Openbaring 3:12-13 en bespreek op watter manier hierdie gedeelte jou weer aanmoedig om met verwagting en opgewondeheid weer te lewe as mense wat uitsien na Jesus se Wederkoms. Bestudeer ook Titus 2:11-15**

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

________________________________________________________________________________________________________

# Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

# Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**